



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 18 OKTOBER 2023 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdh T van Essen
Rdl N Smit
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:

Rdh M A Rangasamy (Speaker)

Beampies:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom almal teenwoordig en versoek die Munisipale Bestuurder om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Kennis geneem dat daar geen verskonings ontvang is nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 20 SEPTEMBER 2023

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 September 2023 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1/...

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 11 OKTOBER 2023

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE

7.1 BRAND RAMP IN MALMESBURY: HANDELINGE IN TERME VAN ARTIKEL 29 VAN DIE MFMA, SAAMGELEES MET REGULASIES 71 EN 72 VAN MUNISIPALE BEGROTING- EN VERSLAGDOENINGREGULASIES (17/3/1/1)

'n Totaal van 10 huise in Arendstraat, Wesbank en 20 informele strukture in Ilinge Lethu is op Sondag, 8 Oktober 2023 in 'n brand vernietig en is drie persone dood tydens die tragiese gebeure.

Die geaffekteerde families wat insluit 54 volwassenes en 29 kinders het dringend hulp benodig en is 'n aansoek by die Weskaapse Departement van Infrastruktuur ingedien vir die voorsiening van 20 *emergency fire kits* vir die inwoners van die informele strukture en 4 wendy-huise vir inwoners waarvan huise totaal beskadig is gedurende die brand. Die aansoek ten bedrae van R195 537,00 het ingesluit die voorsiening van dienste aan die wendy-huise en die herstel van die huise wat gedeeltelik beskadig is.

Verdere hulp aan die families wat haweloos gelaat is, sal geskied deur middel van die Swartland Munisipaliteit se Beleid insake Ondersteuning in die geval van Kleiner Rampe.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a)/...

7.1/...

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die aansoek ingedien by die Provinciale Departement van Infrastruktuur vir bystand met betrekking tot *emergency fire kits* en *wendy-huise* en dienste aan die geaffekteerde gesinne;
- (b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat enige onvoorsiene en onvermydelike uitgawes tot 'n maksimum van R500 000 inlyn met die Raad se Beleid insake Ondersteuning in geval van Kleiner Rampe sal geskied;
- (c) Dat die Municipale Bestuurder gemagtig word om die nooduitgawes aan te gaan, waarvoor daar nie oorspronklik voorsiening gemaak is nie en dat die uitgawe binne 60 dae in sodanige aansuiweringsbegroting gemagtig word soos bepaal deur die MFMA.

7.2 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BELEID INSAKE NOODBEHUISINGSBYSTAND (17/4/2/B)

Die Swartland Munisipaliteit: Beleid insake Noodbehuisingsbystand spruit voort uit die Nasionale Nood Behuisingsprogram soos bepaal deur die Nasionale Behuisingsbeleid.

Die hoofdoel van die beleid is om tydelike en/of noodhulp te voorsien in die vorm van toegang tot grond en/of basiese municipale dienste en/of 'n skuiling in 'n wye reeks noodsituasies en/of buitengewone omstandighede.

Dit gebeur op 'n gereelde basis in Suid-Afrika dat huishoudings en gemeenskappe dakloos gelaat word weens 'n verskeidenheid van faktore, ingesluit, die vestigingspatrone van informele strukture, ongunstige weersomstandighede, welsynskwessies, aansteeklike siektes, besetting van onwettige boustrukture, ens. en noodaak hierdie situasies beleidsriglyne om behoeftige slagoffers te akkommodeer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Swartland Munisipaliteit: Beleid insake Noodbehuisingsbystand met onmiddellike effek goedgekeur word.

7.3 HERSIENING VAN KONTRAK: DARLING GREEN UTILITY SOLAR PV AANLEG (16/2/B; 8/2/2/1)

'n Tender is in Julie 2022 aan Darling Green Utility (Pty) Ltd toegeken vir die voorsiening van sonkrag aan Darling onderhewig aan die voldoening van sekere voorwaardes teen Januarie 2024.

Die diensverskaffer het aansoek gedoen vir uitstel tot 30 Oktober 2024 om aan sekere voorwaardes te voldoen en gevvolglik is dit nodig om die oorspronklike ooreenkoms te wysig.

Die wysiging van die ooreenkoms moet ingevolge artikel 116 van die MFMA geskied.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee beginsel goedkeuring gee vir die wysiging van die bestaande ooreenkoms met Darling Green Utility (Pty) Ltd tesame met die nuwe tydslyn vir die nakoming van die voorwaardes;
- (b) Die nuwe finale datum vir die nakoming van die oorspronklike voorwaardes aangeteken word as 30 Oktober 2024;
- (c) Dat die afskop van die publieke deelname proses vir die wysiging van die ooreenkoms goedgekeur word;

7.3/...

- (d) Dat die Raad die wysiging van die ooreenkoms met Darling Green Utility (Pty) Ltd kondoneer, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
- Die vereistes van Artikel 116(3)(b) gevvolg word;
 - Die terugvoer van die publieke deelname proses aan die Raad tydens 'n toekomstige raadsvergadering gerapporteer word;
 - 'n Versoek vir finale goedkeruing van die wysing van die ooreenkoms met Darling Green Utility (Pty) Ltd asook die meegaande tydslyn aan die Raad voorgelê word tydens die Januarie 2024 raadsvergadering of dat 'n spesiale raadsvergadering geskeduleer word, indien die Januarie 2024 vergadering ná 21 Januarie 2024 geskedueer is.

7.4 STARTUP TRIBE ENTREPRENEURIAL ACADEMY (2/1/4/5)

Die StartUp Tribe Entrepreneurial Academy is 'n wêreldwye insisiatief onder leiding van die voorsitter, mnr York Zucchi, wat gratis aanlynklassie aanbied aan kleinsakeondernemings en entrepreneurs. Hierdie insisiatief is reeds by Stad Kaapstad en Mosselbaai met groot sukses geïmplementeer.

Voormalde Akademie is 'n platform wat praktiese kortkursusse aanbied vir persone wat graag 'n besigheid wil begin of hul besigheid wil groei om sodoende werkloosheid aan te spreek en persone te bemagtig om 'n bydrae tot die ekonomie te lewer.

Die rol van die Munisipaliteit sal wees om die Akademie aan gemeenskappe bekend te stel by wyse van sosiale media en ander bemarkingstrategieë. Die Munisipaliteit sal verder met behulp van 'n aanlyn-platform toegang hê tot statistieke van deelname in die munisipale gebied.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die *StartUp Tribe Academy* 'n aanlyntoepassing is wat gratis aanlynkursusse bied aan persone wat hul besighede wil begin of groei en dat toegang tot die Akademie gratis is vir enige lid van die publiek;
- (b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die bekendstelling van die *StartUp Tribe Academy* in die Swartland munisipale gebied ondersteun en dat daar geen finansiële bydrae benodig word nie;
- (c) Dat die Munisipaliteit onderneem om die *StartUp Tribe Academy* deur sy sosiale media en ander platforms te bemark;
- (d) Dat kennis geneem word van die konsep Memorandum van Verstandhouding, Bylae "A", en dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die finale Memorandum van Verstandhouding namens Swartland Munisipaliteit te onderhandel en te onderteken;
- (e) Dat, indien enige ander dienste in die toekoms van die *StartUp Tribe* benodig word, 'n item in hierdie verband aan Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sal word.

7.5 GEMEENSKAPSBIBLIOTEEK TE KALBASKRAAL (ERF 22 EN 82) (17/8/B)

Die Munisipaliteit is genader deur 'n nie-winsgewende organisasie genaamd, *No Stone*, om hulp te verleen om 'n gemeenskapsbiblioteek in Kalbaskraal op die been te bring. Die organisasie was ook reeds in verbinding met die Provinciale Biblioteekdiens vir ondersteuning vir die projek.

Verder is die/...

7.5/...

Verder is die organisasie reeds in Kalbaskraal betrokke by ander gemeenskapsaktiwiteite, onder andere, 'n sopkombuis, naaldwerk- en houtwerkprojek, rekenaaropleiding, huiswerkprogramme vir leerders, ens.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die inisiatief/projek van die *No Stone* NGO om 'n gemeenskapsbiblioek te vestig en dat die projek in beginsel ondersteun word, gegewe dit tot voordeel sal strek van die plaaslike gemeenskap;
- (b) Dat die Munisipaliteit hom verbind tot volle samewerking om aan die projek beslag te gee, maar met dien verstande dat:
 - die organisasie/koördineerdeerder met betrekking tot die ligging van die fasiliteit, sal moet voldoen aan die toepaslike grondgebruikswetgewing;
 - indien die projek onder vaandel van 'n nie-winsgewende organisasie bedryf sal word, daar bewys gelewer moet word van registrasie as sulks; en
 - die Munisipaliteit nie finansieel tot die operasionele uitgawes verbonde aan die bedryf van die biblioteek kan bydra nie.

7.6 HUUROOREENKOMS: VODACOM (15/4/6)

Die Raad verhuur spasie (groot ±10 m²) op die munisipale watertoring in Wesbank, Malmesbury aan Vodacom vir die bedryf van 'n selfoonbasisstasie.

Die huurtermyn het op 30 April 2023 verstryk en het Vodacom hul opsie uitgeoefen om die ooreenkoms met 'n verdere termyn van vyf jaar te verleng.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat 'n huurooreenkoms met Vodacom aangegaan word vir die gebruik van die Wesbank Watertoring vir die bedryf van telekommunikasiedienste, vir 'n verdere vyfjaartermyn, met ingang 1 Mei 2023;
- (b) Dat die huurgeld op R1745.87 per maand, BTW uitgesluit, vasgestel word, met 'n jaarlikse eskalasie van 6%;
- (c) Dat die huurvoorraades wat tans geld, van krag sal bly.

7.7 UITSTAANDE DEBITEURE: SEPTEMBER 2023 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir September 2023.

7.8 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 September 2023 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.9 SWARTLAND TOERISME NGO: 2022/2023 JAARVERSLAG/FINANSIËLE STATE
(9/1/3/2/1)**

Die diensleweringsoorenekoms met Swartland Toerisme NGO bepaal, onder ander, dat sekere dokumentasie op 'n jaarlikse basis aan die Munisipaliteit voorgelê moet word.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van:

- (i) die inhoud van die Voorsitter se verslag;
- (ii) die sleutelprestasie-areas soos gemeet vir die tydperk 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023; en
- (iii) die inhoud van die finansiële state vir die 2022/23 finansiële jaar.

**7.10 KWARTAALLIKSE VERSLAG INSAKE DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS
(8/1/B/1)**

Die verslag ten opsigte van die kwartaallikse prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningkanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan Artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasie-indikator van die Munisipale Bestuurder.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag ten opsigte van die prestasie van kontrakteurs vir die periode 1 Julie 2023 tot 30 September 2023.

7.11 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURS-BELEID VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2023 TOT 30 SEPTEMBER 2023 (8/1/B/2)

Die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid moet op 'n kwartaallikse basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Munisipale Voorsieningkanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2023 tot 30 September 2023 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid se implementering vir die periode 1 Julie 2023 tot 30 September 2023, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (AanhangselC);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevvolglik aanleiding gegee het tot 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid (Bylae D).

**7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES:
AANSTELLING VAN RVJ WORKS VIR DIE HERSTEL VAN BESKADIGDE
VERKEERSLIGTE (8/1/B/2)**

Twee verkeersligpale en kamerapaal op die Darlingweg/N7 kruising is deur 'n swaarvoertuig van Darling Romery omgery wat die verkeersligte buite werking gelaat het. Die dringende herstel van die verkeersligte is benodig, aangesien dit 'n baie besige kruising is wat deur swaarvoertuie en ander motoriste gebruik word.

Besluit/...

7.12/...

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsiening-kanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstel van die verkeersligte by die Darlingweg/N7-kruising wat deur eksterne kragte beskadig is, deur RJV Works ter waarde van R 72 612.44 (BTW ingesluit) goed te keur;
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die verkeersligte is beskadig as gevolg van eksterne kragte (vragmotor wat teen die ligte gebots het);
 - (ii) Die herstelwerk aan die verkeersligte is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R 72 612.44 (BTW ingesluit) teen posnommer: 9/117-800-935 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN VULLISVERWYDERINGVRAGMOTOR, CK 32551 (8/1/B/2)

Die kompakteer-vullisverwyderingsvragmotor, CK 32551, word in Moorrreesburg gebruik vir die verwydering van vaste afval.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsiening-kanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstelwerk aan die vullisverwyderingsvragmotor, CK 32551 vir die bedrag van R135,784.64 (BTW uitgesluit) deur UD Trucks Malmesbury goed te keur;
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die vragmotor sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word;
 - (ii) Dit sou lei tot 'n ineenstorting in die kapasiteit van die vaste afval-verwyderingsdienste en risiko's vir openbare gesondheid inhou;
 - (iii) Die herstelwerk aan die vragmotor was dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R 135,784.64 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/4-62-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.